



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

JUNIE 2016

REKENINGKUNDE

PUNTE: 300

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 'n 14-bladsy antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die onderstaande instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy ALLE vrae moet beantwoord.
3. Toon ALLE bewerkings om depunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing toon alle berekeninge tot EEN desimale punt.
7. 'n Uiteensetting van die vrae word hieronder voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou.

VRAAG 1: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Versoenings	Finansiële rekeningkunde <ul style="list-style-type: none"> • Bank, krediteure en debiteure Bestuur van hulpbronne <ul style="list-style-type: none"> • Interne beheer en etiek

VRAAG 2: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Voorraadwaardasie	Bestuur van hulpbronne <ul style="list-style-type: none"> • Berekening en vertolking van voorraad inligting

VRAAG 3: 60 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Maatskappye – Begrippe, Inkomstestaat en Ouditeursverslag	Finansiële rekeningkunde <ul style="list-style-type: none"> • Begrippe en Inkomstestaat Bestuur van hulpbronne <ul style="list-style-type: none"> • Ouditeursverslag – begrippe en kommentaar

VRAAG 4: 45 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Maatskappye – Begrippe en Balansstaat	Finansiële rekeningkunde <ul style="list-style-type: none"> • Begrippe en Balansstaat

VRAAG 5: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
Kontantvloeiastaat en ontleding van finansiële inligting	Finansiële rekeningkunde <ul style="list-style-type: none"> • Kontantvloei berekeninge Finansiële aanwysers en vertolking

VRAAG 6: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	Hierdie vraag integreer:
BTW en Vaste bates	Finansiële rekeningkunde <ul style="list-style-type: none"> • BTW – begrippe en berekeninge Bestuur van hulpbronne <ul style="list-style-type: none"> • Vaste bates – berekening van bedrae in Nota

VRAAG 1: VERSOENINGS**(45 punte; 25 minute)****1.1 Bankversoening**

Die onderstaande inligting het betrekking op Woodroffe Winkels op 31 Mei 2016, die einde van die finansiële jaar. Jimmy Brown is die boekhouer.

OPDRAG:

- 1.1.1 Bereken die saldo van die Bankrekening in die Algemene Grootboek volgens die Versoeningstaat wat deur Jimmy opgestel is. Dui aan of dit gunstig of ongunstig is. (8)
- 1.1.2 Verskaf 'n rede waarom tjek No. 882 nie as 'n uitstaande tjek moet verskyn nie. Dui ook aan hoe die transaksie reggestel moet word. (4)
- 1.1.3 Tjek No. 1234 is 'n vooruitgedateerde tjek. Hoe moet die tjek aan die einde van die finansiële jaar hanteer word? (4)
- 1.1.4 'n Ondersoek het aan die lig gebring dat die uitstaande deposito van R5 000 deur die kassier gesteel is. Die kassier het intussen bedank en die geld sal nie verhaal kan word nie.
- Dui die rekeningkundige inskrywings aan wat gedoen moet om die transaksie in berekening te bring. (2)
 - Stel EEN beheermaatreël voor om soortgelyke gevalle in die toekoms te voorkom. (2)

INLIGTING:

Inligting van die Bankversoening op 31 Mei 2016:

Gunstige saldo volgens bankstaat	R9 410
Deposito's nie deur bank aangeteken: 12 Mei 2016	5 000
27 Mei 2016	12 400
Uitstaande tjeks: No. 882 (30 Oktober 2015)	2 400
No. 996 (21 Mei 2016)	15 300
No. 1234 (7 Junie 2016)	7 600
Foutiewe debiet inskrywing op die staat	540
Saldo volgens Bankrekening in die Algemene Grootboek	?

1.2 Krediteureversoening

Die onderstaande rekeningstaat is ontvang van Zwelethu Verskaffers, 'n krediteur van Zintle Winkels. 'n Vergelyking van die staat met die rekening in die Krediteuregrootboek het gewys dat daar slegs foute en weglatings op die staat is. Die oorboeking na die Krediteurgrootboekrekening was reg gedoen.

OPDRAG:

Stel 'n Krediteureversoeningstaat op 30 April 2016 op.

(9)

INLIGTING:

A. Rekeningstaat ontvang van Zwelethu Verskaffers:

ZWELETHU VERSKAFFERS REKENINGSTAAT				
21 Cape Road Kimberley, 0034			Tel: (521) 332 3345 Faks : (521) 332 5567	
DEBITEUR: <i>Zintle Winkels</i>			DATUM VAN STAAT: <i>26 April 2016</i>	
DATUM		BESONDERHEDE	BEDRAG	SALDO
2016 Apr	1	Saldo		22 200
	5	Faktuur no. 964	6 380	28 580
	6	Kwitansie no. 1132	(15 000)	13 580
	15	Faktuur no. 977	5 220	18 800
	18	Kredietnota no. 226	730	19 530
	24	Faktuur no. 981	1 800	21 330
BF&W	26	Faktuur no. 999	6 640	27 970
Sluit alle transaksies in tot 26 April 2016				

B. Die volgende foute en weglatings het voorgekom in die staat hierbo:

- (i) Die korrekte bedrag van faktuur No. 964 is R6 830.
- (ii) Die 5% korting vir die betaling op die 6^{de} is weggelaat.
- (iii) Die kredietnota op die 18^{de} is verkeerdelik as 'n faktuur aangeteken.
- (iv) Die faktuur op die 24^{ste} is vir goedere wat aan 'n ander besigheid verkoop is.
- (v) Faktuur No. 1009 vir R4 090 vir goedere gekoop op 30 April 2016 (na die datum van die staat) verskyn in die krediteuregrootboekrekening van Zwelethu Verskaffers.

C. Die krediteuregrootboekrekening van Zwelethu Verskaffers in die boeke van Zintle Winkels het 'n sluitingssaldo van R28 500 op 30 April 2016.

1.3 Debiteureversoening

Die inligting het betrekking op Moses Winkels vir Maart 2016

OPDRAG:

1.3.1 Verduidelik waarom die saldo van die Debiteurekontrolerekening in die algemene grootboek gelyk moet wees aan die totaal van die Debiteurelys. (2)

1.3.2 Verwys na inligting A en B.

Dui aan hoe die saldo van elke debiteur aangesuiwer sal word om die foute en weglatings, wat voorgekom het, in berekening te bring. (10)

1.3.3 Verwys na inligting C.

Verduidelik waarom jy bekommerd sal wees oor die manier waarop debiteure bestuur word. Maak gebruik van syfers in jou antwoord. (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel van die Debiteurelys op 31 Maart 2016

M. Goode	DG1	7 535
E. Better	DG2	9 620
N. Nice	DG3	6 880

B. Foute en weglatings wat voorgekom het:

- (i) Goedere verkoop aan N. Nice, R1 840, is foutiewelik na die rekening van M. Goode oorgeboek.
- (ii) R2 500 ontvang van E. Better is korrek aangeteken in die KBJ, maar oorgeboek as R2 000 na die rekening in die debiteuregrootboek.
- (iii) 'n Afslag van R200 is toegestaan aan N. Nice vir beskadigde goedere aan haar gestuur. Dit is na die verkeerde kant van die rekening in die debiteuregrootboek oorgeboek.
- (iv) Rente gehef, R125, op die agterstallige rekening van M Goode moet nog oorgeboek word na die debiteuregrootboek.

C. Die debiteure-ouderdomsontleding op 31 Maart (na die aansuiwerings) is soos volg: 5% korting word aan debiteure toegestaan indien hul rekeninge binne 30 dae betaal word.

DEBITEURE KONTROLE SALDO	HUIDIGE	30 – 60 DAE	60 – 90 DAE	90 DAE +
R70 700	R14 140	R17 675	R31 815	R7 070

VRAAG 2: VOORRAADWAARDASIE**(35 punte; 20 minute)****2.1 BEGRIPPE**

Kies die korrekte voorraad begrip van dié tussen hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord langs elke nommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK. (4)

- 2.1.1 Die (**eerste-in-eerste-uit / geweegde gemiddelde**) voorraadwaardasie metode bereken slotvoorraad teen die mees onlangse voorraad pryse..
- 2.1.2 Die (**eerste-in-eerste-uit / geweegde gemiddelde**) metode is geskik vir lae koste voorraad items wat op 'n meer gereelde basis gekoop word.
- 2.1.3 Die (**eerste-in-eerste-uit / spesifieke-identifikasie**) waardasie metode is geskik vir baie duur en individueel identifiseerbare voorraad items.
- 2.1.4 Die (**periodieke / deurlopende**) voorraadstelsel teken die koste van goedere verkoop, by die verkooppunt aan..

2.2 40 Love

40 Love, 'n sportwinkel, behoort aan Ivan Lendl. Die finansiële jaar eindig elke jaar op 30 April. Die besigheid maak gebruik van die periodieke voorraad-opname stelsel om voorraad aan te teken.

OPDRAG:**2.2.1 Verwys na inligting A:**

Tennisballe word gewaardeer deur die geweegde gemiddelde-metode.

- Bereken die waarde van die slotvoorraad (8)
- Bereken die koste van verkope (3)
- Bereken die tydperk van voorraad voorhande (in dae; gebruik gemiddelde voorraad) (4)

2.2.2 Gee kommentaar of die tydperk van voorraad voorhande voldoende is. (2)

2.2.3 Verwys na inligting B:

Tennisrakette word gewaardeer deur die spesifieke identifikasie-metode.

- Bereken die waarde van die slotvoorraad vir Nexus rakette. (10)
- Bereken die brutowins op die Olympus rakette. (4)

INLIGTING:

A. Tennisballe word verkoop per pak van drie.
Rekord van voorraad van tennisballe:

	PAKKE (eenhede)	KOSTE PER PAK (R)	TOTAAL (R)
Saldo van voorraad (1 Mei 2015)	132		7 955
Aankope gedurende die jaar:	610		48 120
Julie 2015	220	R75	16 500
Oktober 2015	180	R80	14 400
Januarie 2016	210	R82	17 220
Totale pakke vir verkope	742		56 075
Terugsendings: 12 beskadigde pakke van die aankope vir Oktober 2015 is teruggestuur aan die verskaffers en die volle terugbetaling is ontvang			
Saldo van voorraad (30 April 2016)	120		?

- B. Die besigheid koop en verkoop twee tipes tennisrakette, Nexus en Olympus.

Voorraadrekords van rakette (teen kosprys)

	NEXUS			OLYMPUS		
	EEN- HEDE	EENHEIDS PRYS	TOTAAL	EEN- HEDE	EENHEIDS PRYS	TOTAAL
Beginvoorraad 1 Mei 2015	13		34 320	9		48 600
Aankope	60		169 750	36		200 500
Julie 2015	20	2 800	56 000	12	5 525	66 300
Oktober 2015	15	2 750	41 250	10	5 580	55 800
Januarie 2016	25	2 900	72 500	14	5 600	78 400

Rekords van verkope

DATUM	NEXUS		OLYMPUS	
	EENHEDE VERKOOP	Bedrag van verkope	EENHEDE VERKOOP	Bedrag van verkope
1 Mei 2015	11	39 050	4	32 400
Julie 2015	16	56 800	7	49 725
Oktober 2015	12	42 600	6	58 590
Januarie 2016	14	49 700	8	67 200
TOTAAL	53	188 150	25	207 915

Nexus rakette word teen 'n vaste verkoopprijs per eenheid verkoop.

Olympus rakette word teen 'n wins-opslag van 50% op kosprys verkoop.

VRAAG 3: MAATSKAPPY – BEGRIPPE, OUDITEURSVERSLAG EN INKOMSTESTAAT (60 punte; 35 minute)

3.1 AARP BEGRIPPE

Pas die AARP begrippe in KOLOM A by 'n verduideliking in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–E) langs die nommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

KOLOM A	KOLOM B
3.1.1 Parings	A Die finansiële sake van die eienaar word afsonderlik van die van die besigheid gehou
3.1.2 Historiese koste	B Uitgawes van belang, direkteursfooie, moet afsonderlik in finansiële state getoon word
3.1.3 Wesenlikheid	C Maak voorsiening vir verwagte verliese, alhoewel dit in die toekoms verhaal kan word
3.1.4 Besigheidsentiteit	D Inkomste en uitgawes moet in die regte tydperk aangeteken word
	E Bates word aangeteken teen kosprys, alhoewel die markwaarde hoër kan wees

(4)

3.2 OUDITEURSVERSLAG

Hieronder verskyn 'n uittreksel van die ouditeursverslag van Gunuz Bpk.

OPDRAG:

- 3.2.1 Verduidelik die rol van die onafhanklike ouditeur. (2)
- 3.2.2 Het Gunuz Bpk. 'n gekwalifiseerde, ongekwalifiseerde of 'n weerhouding van mening auditverslag gekry? Verduidelik jou keuse. (2)
- 3.2.3 Die uitgawe vir bemarking op die Inkomstestaat verwys na 'n gholf-uitstappie wat deur die HUB en haar vriende gereël is. Die HUB het voorgestel dat die eksterne ouditeur hierdie transaksie ignoreer.
- Die eksterne ouditeur was nie bereid om dit te doen nie. Verduidelik kortliks hoekom sy so gevoel het. (2)
 - Gee TWEE gevolge vir die ouditeur indien sy ingestem het tot die versoek. (4)

INLIGTING

UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

Ons het die jaarlikse finansiële state van Gunuz Beperk geouditeer, soos uiteengesit op bladsye 22 tot 43, vir die jaar geëindig 30 Junie 2015. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die direkteure van die maatskappy. Ons verantwoordelikheid is om 'n mening oor die finansiële state te gee, na aanleiding van die audit wat ons uitgevoer het.

Oudit gevolgtrekking

Na ons mening is die finansiële state 'n redelike weerspieëling van die finansiële posisie van die maatskappy op 30 Junie 2015, behalwe vir die uitgawe vir bemarking in die inkomstestaat wat nie geverifieer kon word nie, omdat geen stawende dokumente bestaan vir die uitgawe nie.

Mihlali en Van Rooyen
Geektrooieerde Rekenmeesters (SA)

15 Augustus 2015

3.3 BHEEM BPK

Onderstaande inligting het betrekking op Bheem Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2016.

OPDRAG:

Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016 op.

(46)

INLIGTING:

A. Inligting uit die Voor-aansuiweringsproefbalans:

Handelsvoorraad	132 650
Debiteurekontrole	68 800
Voorsiening vir oninbare-skulde	3 490
Verkope	5 207 600
Koste van Verkope	3 717 250
Debiteureafslag	9 800
Salarisse en lone	432 900
Huur inkomste	78 600
Verbruiksgoedere	31 600
Rente op belegging	22 000
Versekering	43 150
Kommissie inkomste	25 250
Direkteursfooie	329 000
Ouditeursfooie	16 160
Diverse uitgawes	72 800

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

- 'n Kredietnota vir R2 800 (kosprys, R1 750) uitgereik aan 'n debiteur vir goedere teruggestuur, is nie geboekstaaf nie. Die goedere is op die rakke teruggepak.
- 'n Voorraadopname op 29 Februarie 2016 het die volgende getoon:
 - Handelsvoorraad, R131 400
 - Verbruiksgoedere, R4 100
- Suiwer voorsiening vir oninbare-skulde aan tot 4% van debiteure.
- Die huur vir Maart 2016 is ontvang. Neem kennis dat die huur op 1 Julie 2015 met 'n bedrag van R500 verhoog is.
- Die direkteursfooie van een van die direkteure is nog uitstaande vir Februarie 2016. Die maatskappy het 3 direkteure wat elkeen die dieselfde betaal word.
- 'n Verdere R3 840 is verskuldig aan die ouditeure omdat die audit langer geneem het as wat verwag is.
- Versekering bevat R4 950 vir die 3 maande geëindig 31 Maart 2016.
- Maak voorsiening vir waardevermindering op toerusting, R32 700.
- Rente op lening word gekapitaliseer. Die leningstaat wys dat R24 500 bygevoeg is as rente by die balans van die lening.
- Inkomstebelasting word bereken teen 30% van die nettowins.

VRAAG 4: MAATSKAPPYE – BEGRIPPE EN BALANSSTAAT**(45 punte; 30 minute)****4.1. BEGRIPPE**

Kies 'n begrip uit die keuses wat voorsien word, wat die gelyste voorbeelde die beste beskryf. Skryf slegs die begrip langs die nommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK.

**Bedryfsbates; nie-bedryfsbates; nie-bedryfslaste; ekwiteit;
bedryfslaste**

- 4.1.1 'n Vaste deposito wat oor vyf jaar verval.
- 4.1.2 Gedeelte van die nettowins wat deur die besigheid teruggehou word vir uitbreidings in die toekoms.
- 4.1.3 'n Bedrag ontvangbaar van SAID omdat die betaling van voorlopige inkomstebelasting meer is as die belasting verskuldig.
- 4.1.4 'n Verbandlening betaalbaar oor 20 jaar.
- 4.1.5 Finale dividende verskuldig aan aandeelhouders teen die einde van die finansiële jaar.

(5)**4.2. BERONE BPK**

Barone Bpk. is 'n publieke maatskappy – geregistreer met 'n gemagtigde aandeelkapitaal van 1 000 000 gewone aandele. Die finansiële jaar het op 30 April 2016 geëindig.

OPDRAG:

- 4.2.1 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op:

• Gewone aandeelkapitaal **(7)**

• Behoue inkomste **(10)**

- 4.2.2 Voltooi die Balansstaat op 30 April 2016.
Toon bewerkings waar notas nie verlang word nie.

(23)

INLIGTING:**A. Aandelekapitaal en dividende:**

- Teen 1 Mei 2015 was 650 000 aandele reeds uitgereik.
- Op 1 November 2015 is 'n verdere 150 000 aandele uitgereik teen R6,45 elk.
- Op 27 April 2016 het die maatskappy 75 000 gewone aandele teruggekoop van 'n ou aandeelhouer. 'n Tjek is uitgereik.
- 'n Tussentydse dividend van 35 sent per aandeel is betaal op 31 Oktober 2015.
- 'n Finale dividend van 25 sent per aandeel is verklaar op 30 April 2016. Alle aandele, insluitend die teruggekoopte aandele, kwalifiseer vir die finale dividend.

B. Nettowins en Inkomstebelasting:

Die **nettowins** vir die jaar (voor belasting) is R1 228 000.

Inkomstebelasting beloop, R368 400.

Voorlopige inkomstebelasting gedurende die jaar betaal beloop R380 000.

C. Lening: BXT Bank

Rente op lening word gekapitaliseer. Die leningstaat ontvang van BXT Bank reflekteer die volgende:

Saldo op 1 Mei 2015	248 000
Maandelikse paaielemente met rente ingesluit	50 400
Rente gekapitaliseer	22 720
Saldo op 30 April 2016	?

Die besigheid gaan R50 000 gedurende die volgende finansiële jaar betaal.

D. Die volgende bedrae is 'n uittreksel uit die na-aansuiweringsproefbalans op 30 April 2016:

Vaste bates teen drawaarde	4 042 000
Handelsvoorraad	326 500
Debiteurekontrole	189 900
Krediteurekontrole	111 680
Vaste deposito: Soll Bank	?
Lening: BXT Bank	?
Bank	72 000 (Dt)

VRAAG 5: KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING
(65 punte; 40 minute)

5.1 BEGRIPPE

Verskaf 'n rekeningkundige begrip wat die volgende ontledingsvrae die beste aanspreek. Skryf slegs die antwoord langs elke nommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK. (4)

5.1.1 Kan die besigheid al sy skulde betaal?

5.1.2 Tot watter mate is die besigheid afhanklik van geleende fondse?

5.1.3 Is die besigheid instaat om sy onmiddellike skulde te betaal?

5.1.4 Hoe goed bestuur of beheer die besigheid sy uitgawes?

5.2 SANTOSHI BPK

Die inligting het betrekking op Santoshi Bpk. Die finansiële jaar het op 29 Februarie 2016 geëindig.

OPDRAG:

5.2.1 Voltooi die nota KONTANT UIT BEDRYWIGHEDE GEGENEREER. (10)

5.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat

- Inkomstebelasting betaal (4)
- Dividende betaal (3)
- Vaste bates teen drawaarde verkoop (6)

5.2.3 Voltooi die KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIEWEITTE afdeling van die Kontantvloeistaat. (9)

5.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers: Rond alle berekeninge af tot een desimale punt.

- Skuld/ekwiteitsverhouding (4)
- Netto batewaarde per aandeel (3)
- Opbrengs op aandeelhouersekuiteit (6)

5.2.5 Verduidelik en haal DRIE finansiële aanwysers (met syfers) aan wat daarop dui dat die likiditeit van die besigheid in die algemeen verbeter. (6)

5.2.6 Behoort die aandeelhouers tevrede te wees met hul opbrengs en verdienste? Verduidelik. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan in jou antwoord. (5)

5.2.7 Het die direkteure goeie oordeel gebruik deur die addisionele lening aan te gaan? Verduidelik. Verwys na TWEE finansiële aanwysers (met syfers). (5)

INLIGTING:

A. Inligting uit die Inkomstestaat op 29 Februarie 2016:

Waardevermindering	118 140
Rente uitgawe	37 600
Nettowins voor inkomstebelasting	456 000
Inkomstebelasting	132 240

B. Inligting uit die Balansstaat

	29/02/2016	28/02/2015
Vaste bates (drawaarde)	4 340 060	3 541 900
Vaste deposito's	120 000	120 000
Lening: Alpha Bank	750 000	250 000
Handelsvoorraad	150 300	145 600
Debiteurekontrole	75 200	102 300
Krediteurekontrole	82 500	98 900
Bank saldo	112 200 (Dt)	65 700 (Kt)
Aandeelhoudersbelang	3 841 160	3 382 500
Gewone aandeelkapitaal	3 690 000	3 240 000
Behoue inkomste	151 160	142 500
SAID: Inkomstebelasting	3 500 (Kt)	7 300 (Dt)
Aandeelhouders vir dividende	120 600	120 000

C. **Addisionele inligting vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2016.**

Aandeelkapitaal

- Op 1 Maart 2015 het die aandeelkapitaal bestaan uit 600 000 gewone aandeel.
- Op 1 September 2015 is 50 000 aandeel deur die maatskappy teruggekoop teen R1,25 meer as die gemiddelde aandeelprys.
- Op 31 Januarie 2016 is addisionele aandeel uitgereik.
- Op 29 Februarie 2016 het die aandeelkapitaal bestaan uit 675 200 gewone aandeel.

Dividende

- Tussentydse dividend van R132 000 is betaal op 31 Augustus 2015.
- 'n Finale dividend is verklaar op 28 Februarie 2016.

Vaste bates

- Uitbreidings aan die geboue is teen 'n koste van R820 000 gedoen.
- Nuwe kantoortoerusting, R175 000, is gekoop om ou toerusting te vervang wat teen drawaarde verkoop is.

D. Die volgende finansiële aanwysers verwys na die finansiële jaar geëindig:

	2016	2015
Bedryfskapitaalverhouding	1,6 : 1	0,9 : 1
Vuurproefverhouding	0,9 : 1	0,4 : 1
Gemiddelde debiteure- invorderings- termyn	31 dae	40 dae
Vorraadomsetsnelheid	7,2 keer	9 keer
Dividende per aandeel (DPA)	40 sent	46 sent
Verdienste per aandeel (VPA)	55 sent	48 sent
Opbrengs op aandeelhouersekwhiteit	?	11,5%
Opbrengs op kapitaal aangewend	10,2%	13%
Skuld ekwhiteitsverhouding	?	0,1 : 1
Rentekoers op lenings	12%	12%

VRAAG 6: BTW EN VASTE BATES**(50 punte; 30 minute)**

6.1 Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is. Skryf slegs Waar of Onwaar langs elke nommer (6.1.1 – 6.1.3) in die ANTWOORDEBOEK. (3)

6.1.1 Alle goedere en dienste in Suid-Afrika is onderworpe aan die standaard BTW-koers van 14%.

6.1.2 Besighede moet die geld wat vir BTW kollekteer word, by die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank verklaar.

6.1.3 BTW op verkope (deur 'n besigheid ontvang) verwys na Uitset-BTW.

6.2 **BTW BEREKENINGE**

Fiji Handelaars dien hulle BTW-opgawe op 'n twee-maandelikse basis in. Die inligting het betrekking op die BTW tydperk geëindig 30 April 2016.

OPDRAG:

6.2.1 Bereken die bedrag betaalbaar aan, of verskuldig deur die inkomstediens vir die twee-maande tydperk geëindig 30 April 2016. Dui aan of die bedrag betaalbaar aan/verskuldig deur is. (12)

6.2.2 Joe Fiji, die eienaar van Fiji Handelaars, het voorgestel om al die ou somer-hemde teen 'n winsopslag van 20% op kosprys te verkoop. Die transaksies sal slegs kontant wees en moet nie aangeteken word nie.

- Wat sal jou raad aan Joe wees rakende die voorstel? Verduidelik. (3)

INLIGTING:

A. Op 1 April 2016: BTW-Kontrolerekening saldo van R9 589 (debiet).

B. Transaksies gedurende April 2016:

Totale verkope – kontant en krediet (BTW ingesluit)	R277 020
Totale aankope – kontant en krediet (BTW uitgesluit)	102 000
BTW op terugsendings en afslag aan debiteure	490
BTW op goedere aan verskaffers teruggestuur	553
BTW op goedere deur Joe geneem vir eie gebruik	112
BTW op korting toegestaan	98
BTW op oninbare debiteure-rekening afgeskryf	406

6.3 VASTE BATES

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van Chumlee Winkels vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2016.

OPDRAG:

- 6.3.1 Stel die Bateverkoperekening op om die verkoop van die ou kantoortoerusting op 1 Desember 2015 in berekening te bring. (10)
- 6.3.2 Bereken die ontbrekende bedrae soos aangedui deur **(a)** tot **(d)** op die vaste bate nota. (18)
- 6.3.3 Verskaf TWEE moontlike redes waarom die besigheid besluit het om die ou kantoortoerusting te verkoop. (4)

INLIGTING:

A. Onvolledige Vaste Bate nota:

	EIENDOM	VOERTUIE	TOERUSTING
Kosprys (1/3/2015)	930 000	520 000	435 000
Opgehoopte waardevermindering (1/3/2015)	-	(234 000)	(212 280)
Drawaarde (1/3/2015)	930 000	286 000	222 720
Bewegings:			
Toevoegings	(a)	0	126 000
Verkope	-	0	(c)
Waardevermindering	-	(b)	(d)
Drawaarde (29/2/2016)	1 380 000		
Kosprys (29/2/2016)	1 380 000	520 000	468 000
Opgehoopte waardevermindering (29/2/2016)			

- B. Die besigheid het twee voertuie. Albei was aangekoop op 1 Maart 2012. Waardevermindering op voertuie word op die reguitlyn-metode (kosprys) in berekening gebring.
- C. Op 1 Desember 2015 is ou kantoortoerusting op krediet verkoop vir R25 000. Die opgehoopte waardevermindering op die toerusting verkoop was R54 800 op 1 Maart 2015.
- Nuwe toerusting is op 1 Januarie 2016 gekoop.
 - Waardevermindering op toerusting word voorsien teen 20% p.j. op die drawaarde.